

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING
KENNISGEWING 258 VAN 2016

PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE
WETSONTWERP OP INTERNASIONALE ARBITRASIE, 2016

1. Kragtens Reël 241(1)(b) van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste beoog om die Wetsontwerp op Internasionale Arbitrasie, 2016, eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien.
2. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 241(1)(c) van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.
3. Die Wetsontwerp—
 - (a) maak voorsiening vir die insluiting van die “Model Law of the United Nations Commission on International Trade Law (UNCITRAL)” as die hoeksteen van die internasionale arbitrasiestelsel in Suid-Afrika;
 - (b) maak opnuut voorsiening vir die erkenning en afdwinging van buitelandse arbitrasietoekennings;
 - (c) herroep die Wet op die Erkenning en Afdwinging van Vreemde Arbitrasie-toekennings, 1977;
 - (d) wysig die Wet op die Beskerming van Ondernemings, 1978 ; en
 - (e) maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou voorsiening.

'n Afskrif van die Wetsontwerp kan op die webtuistes van die Departement en Parlementêre Moniteringsgroep by <http://www.doj.gov.za> en <http://www.pmg.org.za> gevind word en kan, na indiening, ook verkry word van: Staatsdrukkers: Kaapstad (Telefoon nommer: 021- 465 7531).